# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

**Vol. XX** YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, 2026 AUGUST **No. 02**


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

### PSALM 136:1-10

1. Loof die Here, want Hy is goed: aan sy liefde is daar geen einde nie.
2. Loof die oppermagtige God: aan sy liefde is daar geen einde nie.
3. Loof die magtigste van alle maghebbers: aan sy liefde is daar geen einde nie.
4. Hy het magtige dade gedoen, Hy alleen: aan sy liefde is daar geen einde nie.
5. Hy het die hemel met soveel insig gemaak: aan sy liefde is daar geen einde nie.
6. Hy het die aarde op die waters gevestig: aan sy liefde is daar geen einde nie.
7. Hy het die groot hemelligte gemaak: aan sy liefde is daar geen einde nie.
8. die son om te heers oor die dag: aan sy liefde is daar geen einde nie.
9. die maan en die sterre om te heers oor die nag: aan sy liefde is daar geen einde nie.
10. Hy het die Egiptenaars getref met die dood van hulle eersgeborenes: aan sy liefde is daar geen einde nie.



# Jy is geroep as 'n goeie SOLDAAT VIR CHRISTUS!

**You are called to be a good SOLDIER FOR CHRIST!**

*Sis. Angeline*



Groete in die kosbare Naam van ons Here en Verlosser Jesus Christus, ons opgestane Koning wat regeer en binnekort kom.

Namens ons stigter, Past. S. Sam Selva Raj, saam met die personeel en getroue ondersteuners van **Echo of His Call Bedienings,** deel ons hartlike en warm groete vir elke Indiër op hierdie blye en geseënde 80ste Onafhanklikheidsdag se viering.

Mag hierdie historiese mylpaal ons herinner om die vryheid waarmee ons geseën is te beskerm, en die eenheidsband onder ons te versterk, en ons inspireer om saam te werk vir 'n skerper, vredevolle en hoopvolle toekoms vir ons geliefde nasie.

Terwyl ons die onafhanklikheid vier, dink ons natuurlik met dankbaarheid aan die tallose offers van dapper mans en vrouens wat hulle lewens gegee het vir ons vryheid. Hulle moed, standvastigheid en onwankelbare toewyding het die fondament geword waarop ons vryheid gebou

*....verv. op.bls. 3*


**Echo of His Call**

*Christelike YouTube Kanaal!*



**Elke dag 2 minuut-boodskap deur**

**Past. S. Sam Selva Raj!**

**in English, Hindi Language - 1.00 A.M., in Tamil & Telugu Language - 2.00 A.M.**

**and**

**Tamil & Engelse Boodskap & Gebed**

**Sondag 8.30 vm. & 6.00 nm.**

**Please Subscribe if you are blessed! Share with whom you love & care!!**

ECHO OF HIS CALL - (Op pad na die 60ste jaar)
Estd. 1969



# van julle geliefde broer...



**Dit gaan goed met dié wat onberispelik lewe, dié wat wandel volgens die woord van die Here! - Psalm 119:1.**

**Ons Sendingopdrag**
Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.

HON. EDITOR-IN-CHIEF
Rev. Dr. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.
EX MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.
GENERAL MANAGER
Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM, MBA.
ADMINISTRATION
Sis. Jesy Veena Sam
Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)
EDITORIAL BOARD
Sis. Sajini Cherian
Rev. Dr. J. John Rajarathnam, B.E.S., BD., M.Th.
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
Adv. N. Balaji, B.Com., M.L.

EDITOR, PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858
E.MAIL
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
WEBSITES
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.org
YOUTUBE CHANNEL
Echo of His Call

Liewe Vriende in Christus,

Keurige groete vir julle in die wonderbare Naam van ons Heer en Verlosser, Jesus Christus!

Julle is geseën deur ons Heer Jesus Christus. Hy sal nuwe deure en geleenthede oopmaak vir julle heerlike toekoms. Ons kan Hom vertrou in elke situasie, soos ons reeds doen. Maar ons moet bedag wees om getrou voor Hom te lewe.

***Ek kon voor die Here bly wandel in die land van die lewendes*** (Psalm 116:9).

Ons verstaan dat van die begin van volgende jaar ons dalk Rs. 2.00 (twee Rupees) sal moet betaal as posgeld vir elke kopie van **Echo of His Call** nuusblad. Dit sal 'n merkbare geldelike las op ons bediening laai. Daarom vra ons nederig julle gebede dat God die harte sal roer van ons geagte Minister van Kommunikasie en die geagte Eerste Minister van Indië, dat die huidige posgeld onveranderd sal bly vir geregistreerde nuusblaaie soos **Echo of His Call**. Mag God ons geagte Eerste Minister seën met goeie gesondheid, wysheid en 'n lang lewe. So ook vir sy span.

God het genadig die 26ste Gradeplegtigheid van ons **Nehemia Bybelkolleges** geseën. Dis gehou op 4 Julie 2026. Sewe en dertig studente het gegradueer en is toegewy vir God se heerlike bediening. Hulle is nou na die sendingvelde gestuur om te dien as evangeliste, pastore en ander areas in die Christen-bediening.



***26ste Gradeplegtigheid van ons Nehemia Bybelkolleges***

Ev. Benjamin Moses, 'n groot man van God en uitstekende prediker van die evangelie, en Mederedakteur van **Echo of His Call** Malayalam, het ons hoofkantoor besoek saam met sy vrou Mev. Pramila Benjamin en hul dogter Mej. Mahima Benjamin, en het 'n geseënde kuier by ons gehad. Ons dank God vir hulle.



*Ev. Benjamin Moses, Mederedakteur (Malayalam) en gesin*

Indië is 'n besondere demokratiese nasie met 'n bevolking van byna 1.5 biljoen mense. Statistiek wys dat slegs so 2 persent van die bevolking Christene is. Ons het dus 'n baie groot verantwoordelikheid om uit te reik na al diegene wat nog die Evangelie van Jesus Christus moet hoor.

Wanneer jy hierdie boodskap lees, en die Here in jou hart praat en jou lei om deel te neem aan hierdie bediening, moedig ons jou aan om dit te doen volgens sy leiding. Onthou ook asseblief julle plaaslike pastore en predikante in julle gebede en ondersteun hulle soos die Here dit moontlik maak. Ons bid gedurig vir julle, en ons vra God om julle ryklik te seën.

***Die oes is groot, maar die arbeiders min.***

***Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes***

(Matteus 9:36-37).

Julle broer in diens van Christus Jesus,

*PAST. S. SAM SELVA RAJ,*

E-pos: : sam@echoofhiscall.org

---

*... verv. van bls. 1*

is. Die offers van hulle wat byna agt dekades gelede geleef het, was die prys wat betaal is vir die vryheid wat ons vandag beleef. Hulle bloed was die saad waaruit ons nasie se onafhanklikheid geblom het.

Dit herinner my aan 'n baie groter offer: die offer van ons Here Jesus Christus op die kruis by Golgota ongeveer 2000 jaar gelede. Sy kosbare bloed het ons gekoop vir 'n baie groter vryheid: vryheid van sonde, siekte, verslawing, geestelike bindings en familievloeke.

***God se Woord verklaar:***

**Christus ... het in ons plek 'n vervloekte geword** (Galasiërs 3:13).

Deur sy offer is ons bevry van die duisternis en gebring na sy wonderbare lig. Jesus Christus self het verklaar:

**... julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak** (Johannes 8:32). Prys God, want ons is waarlik vry in Jesus Christus!

***Jesus Christus en die Storm:***

In Markus 4 lees ons die kragtige verhaal van Jesus wat in die boot geslaap het terwyl sy dissipels 'n wilde storm beleef het. Oorweldig deur vrees het hulle Hom wakker gemaak en geroep: **... Meester, gee U dan nie om dat ons vergaan nie?**

Jesus het opgestaan, die wind en die see bestraf, en toe sy dissipels gedaag oor hulle geloof. Hulle was verstom toe hulle sy absolute gesag oor die skepping waarneem.

***Markus 4:36 sê:***

**Hulle het Hom saamgeneem in die skuit waarin Hy gesit het.**

Jesus het die hele tyd mense bedien. Nou was hy moeg, emosioneel uitgeput en het 'n blaaskans nodig gehad weg van die menigte, 'n stil tyd saam met sy dissipels.

Hulle het hom so saamgevat, moeg, getap, en Hy moes bietjie slaap. En kort na die boot begin seil het, het Jesus aan die slaap geraak.

Baie van ons weet hoe dit voel. Na 'n lang dag se werk, bediening, verantwoordelikhede of diens ... so gou as jy 'n stil plekkie kry oorval die uitputting jou.

Maar in hierdie einste vers is daar 'n klein maar belangrike stukkie detail wat dikwels misgekyk word, 'n besonderheid wat 'n diep geestelike openbaring gee: **... Daar was ook nog ander skuite by.**

## BAIE DRINGENDE KENNISGEWING!




Daar mag onvermydelike onderbrekings kom in die posversending van **Echo of His Call** in die nabye toekoms. As jy **Echo of His Call** steeds wil ontvang sonder onderbreking, stuur asseblief vir ons jou naam, adres, e-pos, en WhatsApp nommer in 'n brief, e-pos, oproep of SMS of WhatsApp-boodskap so gou moontlik.

Jou hulp hierin help ons om jou beter te dien.

**Ons adres:**

**ECHO OF HIS CALL,**
**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005, India**
**Cell: (+91) 98412 71858 / 98410 71858 E.mail: sam@echoofhiscall.org**

Net Markus noem hierdie stukkie inligting. Sy evangelie het heelwat lewendige ooggetuie beskrywings, moontlik onder invloed van Petrus, 'n visserman en een van Jesus se binnekring dissipels.

En net Markus gee vir ons hierdie brokkies inligting:

*** Jesus het op 'n kussing geslaap** (Markus 8:38).

*** Die groen gras waar die vyfduisend gevoed is** (Markus 6:39).

*** Die groepe van vyftig en honderd** (Markus 6:40).

*** Die genesing van die blinde man in twee stappe** (Markus 8:22-25).

So, as Markus skryf **daar was ook nog ander skuite by,** is dit nie onnodige inligting nie. Nee, dit openbaar 'n kragtige geestelike waarheid:

Jou lewe word dopgehou. Jou storms word gesien. Jou getuienis van bevryding kan vir iemand die deur oop maak na vryheid. Ek dank God vir ander skuite wat Jesus Christus gevolg het midde in die storm.

## WAARAAN HERINNER DIE ANDER SKUITE ONS?

### 1. Onthou: Jy Word Omring met Bote Wat Jou Dophou.

God het ons geroep om sy lof te besing:

**Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig** (1 Petrus 2:9).

Ons het nie net vir onsself vryheid in Christus ontvang nie, maar sodat sy lig kan skyn deur ons lewens en ander na Hom kan lei.

Of ons dit besef of nie, mense hou ons dop – ons geloof, ons houding, ons woorde, ons aksies, en reaksies onder druk, en hoe ons onsself gedra in die lewe se storms. Jesus Christus het gesê: **"Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."** (Matteus 5:16).

Selfs binne in die storms mag ons lewens God se goedheid wys en maak dat ander mense ons Vader in die hemel verheerlik.

Ek weet nie waarom die ander bote Jesus se boot gevolg het nie. Dalk het:

* Sommige uit nuuskierigheid gevolg
* Sommige gevolg omdat hulle verstom was deur sy werke
* Sommige gevolg om te sien en te kritiseer
* Sommige gevolg weens honger vir die Woord
* Sommige gevolg omdat hulle net naby was, soos vissers en reisigers

Wat ook hul redes was, hulle kon getuig hoe die dissipels gereageer het toe die storm begin het.

**Wie is hierdie bote rondom ons?**

* Ons kinders
* Ons wederhelftes
* Ons gesinslede
* Ons kollegas
* Ons bure
* Ons gemeente-familie
* Ons gemeenskap

Ons seil nie alleen deur die lewe nie. Daar is bote naby jou wat jou reis waarneem.

### 2. Onthou: Jy vertoon Jesus Christus - hulle nie:

Die grootste verskil tussen die dissipels se boot en die ander was nie die storm nie, maar die teenwoordigheid van Jesus Christus.

Die ander bote was in dieselfde water en deur dieselfde storm geteister, maar Jesus was nie in hulle bote nie.

Tog, ons vertoon Jesus Christus waar ons ook al gaan. Ons is die tempel van die Heilige Gees. Jesus se teenwoordigheid is by ons.

Maar baie rondom ons lewe steeds sonder Hom, vasgevang in vrees, verwarring, hooploosheid, geestelike gebondenheid, en die kettings van sonde. Hulle sien hoe die wat Jesus vertoon reageer, praat, en lewe.

***Jesus Christus het gesê:***

**Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur** (Lukas 4:18).

Onthou dit: Jy is 'n ambassadeur van vrede.

God het jou vrygemaak sodat jy 'n kanaal van sy vryheid kan word vir die bote rondom jou.

Moet nooit vergeet wie in jou boot is nie, en wie nie daar is nie.

Jou lewe is 'n boodskap wat mense alreeds lees.

Wat is die boodskap wat jy vertel?

### 3. Onthou: Die storm teister elke boot

Die storm het nie net Jesus Christus se boot getref nie, maar elke boot op die water.

Beide gelowiges en ongelowiges beleef storms. Jesus in ons boot beteken nie dat ons nooit storms sal hê nie, maar dit beteken dat ons 'n Verlosser het wat groter as enige storm is. Ons storms kan kom deur:

* Emosionele worstelings

....verv. op.bls. 6

GREAT COMMISSION PARTNERS
ECHO OF HIS CALL MINISTRIES SINCE 1969

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)



**GEBEDSPUNTE - 2026 Augustus 19 Tot 2026 September 18**

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

## Prys God vir ...

**Augustus 19** ➲ Seën oor ons **Echo of His Call** bedienings met eksterne ondersteuning van plaat makers, plaat skuurders, skerm-drukkers en nog ander.

**Augustus 20** ➲ Seën oor ons **Nehemia Bybelkollege** se fakulteitslede en hul gesinne.

**Augustus 21** ➲ Seën oor ons **St. Paul Matrikulasieskool** se Hoof, personeel en studente.

**Augustus 22** ➲ Seën op ons 57ste Verjaardagviering gehou op 10 Augustus 2026.

**Augustus 23** ➲ Die besondere toewyding van ons Sendingwerkers.

**Augustus 24** ➲ Sy sorg vir ons senior Pastoor en sy gesin.

**Augustus 25** ➲ Sy voorsiening in al ons behoeftes die afgelope maand.

**Augustus 26** ➲ Die toevoeging van nuwe lidmate by ons gemeentes.

**Augustus e 27** ➲ Sy guns oor ons Gebedsvennote, Ingeskrewe vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote, Versoekvennote, Groot Opdragvennote en hul gesinne.

**Augustus 28** ➲ Nuwe toelatings by **St. Paul Matrikulasieskool** vir die 2026-2027 akademiese jaar.

**Augustus 29** ➲ Sy beskerming oor al ons personeel en hul gesinne.

**Augustus 30** ➲ Sy seën met ondersteuners wat help met morele en finansiële hulp.

**Augustus 31** ➲ Sy seën oor ons met toegewyde Mederedakteurs wat die **Echo of His Call** bedienings getrou ondersteun.

**September 01** ➲ Sy seën oor ons met toegewyde werknemers wat hul verantwoordelikhede nakom in eenheid en eensgesindheid.

**September 02** ➲ Seën op ons gemeenskap van seuns en dogters by ons Hoofkerk.

**September 03** ➲ Beskerming van ons sendelinge en hul gesinne in die sendingvelde.

## Bid asseblief vir ...

**September 04** ➲ God se voorsiening in ons behoeftes vir die komende maand.

**September 05** ➲ Al die studente van ons **Nehemia Bybelkolleges** vir die 2026-2027 akademiese jaar.

**September 06** ➲ Al die studente van ons **St. Paul Matrikulasieskool** vir die 2026-2027 akademiese jaar.

**September 07** ➲ Die welsyn van ons Staatskoördineerders en hul gesinne.

**September 08** ➲ Die vermoë om die onbereikte gebiede van Indië te kan bedien.

**September 09** ➲ Die aksies van ons bediening en uitbreiding daarvan.

**September 10** ➲ Ons Drukker, Hulpdrukker en al die personeel by die drukpers.

**September 11** ➲ Die veiligheid en beskerming van vroue en kinders oor die wêreld.

**September 12** ➲ Die bekering van alkoholiste en kwaaddoeners deur God se genade.

**September 13** ➲ Eenheid en vrede onder alle nasies.

**September 14** ➲ Christen predikers dat hulle die Evangelie getrou en suiwer sal verkondig.

**September 15** ➲ God se seën en beskerming oor alle Christelike organisasies en kerke.

**September 16** ➲ Dienaars van God wat in gevangenisse bedien.

**September 17** ➲ Ons senior Pastoor S. Sam Selva Raj, vir seën met nuwe visie vir sy veelvuldige bedienings.

**September 18** ➲ Die veiligheid en beskerming van ons senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin teen alle bose magte.

... verv. van bls. 4

* Geldelike verknorsing
* Gesinsmoeilikhede
* Gesondheid uitdagings
* Geestelike aanvalle

Die vyand gebruik storms om ons op ons eie pyn te laat fokus en dan die ander bote om ons te vergeet. Hy wil ons oorweldig met

* Angs en emosionele laste
* Gesinsverantwoordelikhede
* Geldelike moeilikheid
* Fisiese swakheid
* Geestelike aftakeling

Wanneer ons heeltemal vasgevang is in ons eie worsteling, sien ons nie ander raak wat ons gebede, bemoediging, meegevoel en getuienis nodig het nie.

Maar God roep ons om bo die storm uit te staan.

***Jesaja 40:31 verklaar:*** **maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie.**

Jy mag dalk voel jy loop deur 'n eensame vallei, met laste wat te swaar is om te dra, smagtend na 'n ontvlugting uit die storm. Maar God het jou geroep om getrou te bly.

Die storm om jou vandag kan 'n getuienis word wat hoop en vryheid bring vir talle ander bote wat jou reis dophou.

Die einste worsteling wat jy nou ervaar kan God verander in 'n seën vir ander, selfs vir mense wat jy nooit sal ken nie.

Wees dapper. Wys vir die ander bote wat dit beteken om Jesus Christus in jou boot te hê.

**4. Jou Reaksie in die Storm Beïnvloed die Ander Bote**

Toe die dissipels in angs uitgeroep het: **"Meester, gee U dan nie om dat ons vergaan nie?"** was die mense in die ander bote seker ook angsbevange. As die boot met Jesus in gebewe het, watter hoop het die ander dan gehad?

Jou reaksie in 'n krisis is dikwels duideliker as jou woorde wanneer dit goed gaan. Reageer jy soos die wat geen hoop het nie? Of openbaar jy die Een wat by jou in die storm is?

Die drie Hebreeuse jong mans het verklaar: **"Ons het ons God vir wie ons dien. Hy het die mag om ons te red ... Selfs as Hy dit nie doen nie ..."** (Daniël 3:17-18). Wat 'n kragtige geloofsverklaring: "Selfs as Hy nie help nie."

Het ons daardie soort geloof wat nie net op omstandighede rus nie, 'n geloof wat elke ander boot wat op 'n afstand kyk se geloof versterk??

***Paulus het verklaar:***

**... ek weet in wie ek geglo het.** (2 Timoteus 1:12). Jou geloof tydens 'n storm kan iemand anders se krag word.

**5. <u>Onthou</u>: Die Ander Skuite Leun Op Jou Bevryding**

Toe Jesus Christus die storm stil gemaak het, het elke boot in sy omgewing die impak van sy krag beleef. Die wonder was nie net vir sy dissipels nie; dit het ook vir elke ander boot vrede gegee.

Liewe broers en susters, soms laat God toe dat ons deur moeilike dinge loop, storms, toetse, onverwagse seisoene, omdat Hy wil dat ons ons verlossing sal gebruik om hoop vir ander te bring.

Jou deurbraak kan iemand anders se seën word. Jou gebed kan deure vir ander oopmaak. Jou vasberadenheid kan iemand wat in stille sukkel, versterk.

Soms laat God ons deur storms gaan sodat ons getuienis vir iemand anders 'n pad na vryheid word. Onthou vir Paulus en Silas. Toe hulle in die tronk vasgeketting was, het hulle nie wanhopig geraak nie. Nee, hulle het eerder God se lof besing. Die Bybel sê:

**Teen middernag was Paulus en Silas besig om te bid en tot lof van God te sing. Die ander gevangenes het na hulle geluister** (Handelinge 16:25).

Diegene rondom jou wat vasgevang is in vrees, leuens en die skelmstukke van die vyand, luister wanneer jy deur die storms loop. En wat hoor hulle? Hoor hulle lofbetuigings, geloof, oorwinning? Of hoor hulle vrees, klagtes, ontmoediging?


NEHEMIAH BYBELKOLLEGES

HAAS JOU VIR TOELATING!

Diploma in Theology & Bachelor of Theology

Chepauk & Santhoshapuram, Velachery Chennai.

Medium :Tamil (Part Time)
Hindi (Part Time)

Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër

Bid asb. vir

Erken deur Internasionale Christenleiers &Senior pastore vir die afgelope 56 jaar

Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.

Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858

E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

Toe skielik ...: **Skielik kom daar 'n groot aardbewing wat die fondamente van die tronk geskud het. Al die deure van die tronk het onmiddellik oopgegaan, en al die gevangenes se boeie het losgeraak** (Handelinge 16:26).

My liewe broers en susters, let op die woord "almal." Nie net Paulus en Silas nie, maar al die gevangenes het vrygekom. Die gevangenes wat naby hulle was, bekend en onbekend, het vryheid beleef omdat twee van God se dienaars lofprysing gekies het in die lyding.

Dit is die krag van God se genade. Jou aanbidding kan die sleutel word wat kettings losmaak wat jy nooit weer kan sien nie. Amen!

## VRYHEID VIR ALMAL

Jesus Christus het ons elkeen geroep om instrumente van sy vryheid te word, om die wat gebind is deur die vyand se planne, bedrog, vrees en duisternis, te bereik. En daardie bote is steeds rondom ons. Hulle soek hoop. Hulle verlang na vrede. Hulle wag om die werklikheid van Jesus Christus te beleef.

Jy en ek kan juis daardie weerkaatsing van Jesus Christus wees wat hulle ervaar. Moenie tevrede wees om Jesus net in jou boot te hê nie. Die bote om jou het Hom ook nodig.

Mag God ons in staat stel om sy vryheid na die miljoene om ons te dra – baie wat ons dalk nooit sal ontmoet nie, maar eers in die ewigheid. God het ons geroep om ware Vryheidsvegters te wees vir hulle wat nog in die ander bote is en rond dobber sonder Jesus Christus by hulle.

***Onthou die ander skuite!!***

*************


## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

### 1. BIBLECOR

**Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

### 2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

***For more details, write to us.***

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

Echo of His Call, **Post Box 2957**, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.
**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**
**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**

## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### *Ons bankbesonderhede:*

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: elbiesmith3@gmail.com**
**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15

## JULLE SAL HONDERDVOUDIG ONTVANG EN DIE EWIGE LEWE BEËRF!

***Doen met toewyding alles wat jou hand vind om te doen*** (Prediker 9:10).

***Wie die wind bly dophou, saai nie. Wie na die wolke bly kyk, oes nie*** (Prediker 11:4).

Dit was lankal my begeerte om die wonderlike waarhede van die Bybel vir mense van enige afkoms te leer deur Bybel Korrespondensiekursusse en Bybelkolleges. Hierdie las was diep in my hart gewortel en het oor die jare net sterker gegroei. Tog het ek hopeloos gevoel omdat ek nie 'n inkomstebron gehad het nie en ook niemand wat my kon lei en ondersteun in hierdie visie nie. In daardie tyd het ek en my gesin in armoede geleef en swaar gekry in 'n klein woning met bitter min geriewe.



In 1980 het ek 'n Evangelie-pakket gekry van 'n organisasie genaamd Indië Bybelliteratuur (IBL). Toe ek dit oopmaak was daar verskeie Evangelie-traktate en 'n boekie vir 'n korrespondensiekursus. Ek het dit begin lees en dit het my baie geïnteresseer om soortgelyke materiaal te gebruik om mense oral in Indië te bereik in verskillende tale. Ek het onverwyld met my fiets gery na die IBL se kantoor by Duisend Ligte in Chennai.



Daar het ek 'n jong man, Mr. Velu ontmoet, ook bekend as Mnr. Velayutam, wat nou dien as die Uitvoerende Direkteur. Ek het hom dopgehou terwyl hy kursus boeke verpak en uitstuur, en dit het my geïnspireer om dieselfde te doen vir die eer van God.

Met groot respek het ek hom genader en gevra of hy my kon voorsien van 'n paar kursusboeke. Hy het genoem dat elke boek 50 paise kos ('n halwe rupee). Ek het verduidelik dat ek van 'n arm familie kom en gewerk het in 'n Regeringsdepartement met 'n karige maandelikse salaris. Dit het sy hart geraak en toe gee hy vir my tien boeke verniet.

Tog was ek nie tevrede nie, maar staan later en kyk deur die venster van die versendingkantoor na die stapels boeke daar. Dit was asof hulle na my geroep het, my aangepor het om hulle te vat en in die hande te gee van mense wat Jesus moes leer ken. Ek kon myself nie daarvandaan wegskeur nie.

Na 'n rukkie het iemand anders na my gekom en gevra: "Wie is jy, en hoekom staan jy so lank hier en kyk in ons kantoor in?" Ek verduidelik toe dat ek 'n man was met beperkte vermoë maar met 'n sterk begeerte om die Lewende God, Jesus Christus, te dien, en dat ek graag meer korrespondensieboeke wou hê. Hy sê toe ek kan dit koop as ek die nodige geld bring.



Op daardie oomblik het ek 'n moeilike besluit geneem: Ek het gekies om my ou fiets te verkoop. Dit was my enigste besitting en vervoermiddel.

Ek het toe dadelik na 'n naby geleë fietsherstelwinkel gegaan, my fiets verkoop vir honderd rupees en twee honderd kursusboeke gekoop. Nou sonder enige vervoermiddel het ek die boeke op my skouers gedra, omtrent vyf kilometer vanaf Duisend Ligte tot by my huis.




Nie gewoond om so 'n vrag te dra nie, het ek gou uitgeput geraak. Twee keer het die boeke van my skouers af gegly en op die pad geval. Ek het hopeloos en verneder gevoel toe party mense my gespot het in my worsteling. Nietemin, deur die genade van God het ek veilig tuis gekom en die boeke met al my krag begin versprei.

Met die hulp van wyle broer M. Paulraj het God my in staat gestel om "Nuwe Lewe – Vir Jou!" korrespondensiekursus te begin. Later het ons die **Echo of His Call Nehemia Aand-Bybelkolleges** van stapel gestuur.

Ja, my liewe vriend, daar was 'n tyd toe ek moes afskeid neem van my ou fiets ter wille van die Koninkryk van God. My gesin en vriende het dit beskou as 'n geklike en onsinnige daad, en dit het my skaam laat voel dat ek so besluit het. Maar nou het God my geseën met voertuie en getroue werkers wat help in sy bediening.

Daar was ook 'n tyd toe ek self Evangelie-literatuur op my skouers en kop gedra het. Dit was 'n pynlike en vernederende ervaring



in my jeug. Maar nou het God motors voorsien, en minibusse om my en Evangelie-materiaal en werkers in die bediening te vervoer.

Liewe vriend. God het ook 'n unieke plan vir jou lewe en jou toekoms. Jy het nog tyd. Wat jy ook al prysgee vir die Here vir sy Koninkryk, sal nooit nutteloos wees nie. Neem Jesus Christus as jou voorbeeld en belê iets kosbaars in sy bediening met 'n Koninkryk gefokusde visie. Die seën van God oor jou lewe sal geen einde hê nie. Onthou:

***Daar is net een lewe, en dis gou verby;***
***Wat gedoen is vir Jesus, is al wat sal bly!***

*************

## HOOFKERK SE PROGRAMME

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **ECHO OF HIS CALL** - Maandelikse Tydskrif: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamese, Punjabi, Urdu, Sinhala & Afrikaans.
3. **BIBLECOR** – Basiese Bybelkursusse (Engels, Tamil & Hindi)
4. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels & Tamil
5. Nehemia Bybelkolleges (Chepauk, Santhoshapuram & Velachery)
6. Susterkerke: Santhoshapuram, Balaji Nagar & Velachery
7. Groot Opdragvennote (Netwerk van Pastore)
8. Opleidingprogramme – Seminare & Afsondertye
9. Veldtogte
10. Literatuurverspreiding en Opvolging
11. Evangelie Drukpers - Publikasies
12. St. Paul Matrikulasieskool - Village English High School
13. Sondagskole (Chepauk) : 10.30 vm. Sondag & (Velachery, Balaji Nagar & Santhoshapuram) 3.00 nm. Sondag
14. Vroeë Oggenddiens : 5.30 vm. Sondag
15. Voorbereidingsdiens : 8.00 vm. Sondag
16. Tamil Diens : 8.30 vm. Sondag
17. Jeugbyeenkoms : 11.00 vm. Sondag
18. Gemeenskap-middagete, : 1.00 nm. Sondag
19. Telugu Diens : 4.00 nm. Sondag
20. Hindi Diens : 5.00 nm. Sondag
21. Tamil & Engelse Diens : 6.00 nm. Sondag
22. Terugvoertyd : 7.30 nm. Sondag
23. Vroue gebed : 5.30 nm. Woensdag
24. Hindi gebed : 7.00 nm. Woensdag
25. Manne gebed : 7.30 nm. Vrydag
26. Dissipelskap-byeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
27. Huis-samekomste : 6.30 nm. Dinsdag & Donderdag
28. Spesiale Nagmaal : 6.00 vm. 1ste dag van elke maand
29. Predikante-byeenkoms : 5.30 nm. Eerste Saterdag
30. Ouers se gebedstyd : 4.00 nm. Eerste Sondag
31. Naggebede : 9.30 nm. Derde Vrydag
32. Vas-gebede : 9:30 vm. Tweede Saterdag
33. Nagmaal : Tweede Sondagdiens
34. Jeug / Kinder-gebede : 10.00 nm. daagliks (per telefoon)
35. Personeel-toewyding : 9.00 vm. daagliks
36. Kantoor : 9.00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

**NOTICE**

Save our mobile numbers (+91) 98410 71858, (+91) 98412 71858 (main numbers) in your mobile phones.

- Editor

Posted at "Egmore RMS Patrika Channel" RNI TC NO. TNAFR/2007/21215

## 'n Goeie geleentheid om Echo of His Call Maandelikse Tydskrif gratis te kry

As jy vir ons die adresse van jou vriende / familie stuur per pos of e-pos, Whatsap of bel, sal ons maandeliks vir hulle **Echo of His Call** gratis stuur.

## Bid asseblief

### ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org**) Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

## ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.org

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS Patrika Channel"
on 4th AUGUST 2026
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

## *JESUS HET JOU LIEF!*

To

*GOD SEËN JOU!*

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**